Liturgie - 21 JANUARIE 2010

9:00 Diens

Ontmoetingsdiens
1. Votum en seëngroet
2. Ps. 98:1,2 (2001)
3. Apostoliese Geloofsbelydenis

Verootmoediging-en versoeningdiens
4. Wet - Eksodus 20
5. Sb. 14-1:1,3

Woorddiens
6. Gebed
7. Ps. 90:1,9 (1936)
8. Skriflesing
9. Preek

Antwoorddiens
10. Liefdesdiens: Galasiërs 6:9-10
11. Ps. 89:2,11 (1936)
12. Wegstuurseën

Skriflesing: Genesis 15
Teksverse: Genesis 15:18
Tema: As gelowiges wat dikwels twyfel, gee God aan ons die nagmaal om daarmee te bevestig dat ons erfgename van die verbond is en dat sy verbondsbeloftes ook vir ons is.
As erfgename van God is ons erfporsie wonderlik ryk – die ewige lewe, die vergewing van sondes en die nuwe hemel en die nuwe aarde. Die testament word van krag met die dood van sy Seun Jesus Christus. Maar God ken ons. Hy weet dat ons dikwels twyfel (soos Abram), en daarom gee Hy aan ons sigbare dokumente (sakramente), waarin ons erfporsie afgebeeld word (tekens). Wanneer ons dit sien of gebruik soos volgende Sondag met die nagmaal word dit aan ons bevestig dat ons erfgename van die verbond is en dat sy verbondsbeloftes vir ons is (seëls). Dan twyfel ons nie meer nie, want ons geloof word versterk
Ons sing: Psalm 98:1,2 (2001); Skrifberyming 14-1:1,3; Psalm 90:1,9 (1936); Psalm 89:2,11 (1936)

Liturgie - 21 JANUARIE 2010

10:30 Diens

Ontmoetingsdiens
1. Votum en seëngroet
2. Psalm 145:1,2,10 (1936)

Woorddiens
3. Gebed
4. Skriflesing:
5. Preek

Antwoorddiens
6. Gebed
7. Liefdesdiens
8. Skrifberyming 8-1:2
9. Wegstuurseën

Skriflesing: Efesiërs 5:6-21
Teksvers: Efesiërs 5:18
HK Sondag 20
Tema: Ons word opgeroep om onsself onder die invloed van die Heilige Gees te stel en ons volledig aan Hom oor te gee.

1. Teenstellende vergelyking – onder die invloed van drank en onder die invloed van die Heilige Gees.
2. Implikasies van die vervulling van die Heilige Gees:
    - Diensgerigtheid teenoor mekaar: sing (letterlik spreek) onder mekaar psalms, lofgesange en ander geestelike liedere;
    - Diensgerigtheid teenoor God: sing met julle hele hart tot eer van die Here; dank God die Vader altyd oor alles in die naam van ons Here Jesus Christus.
    - Onderdanigheid aan mekaar in alle verhoudinge.

Ons sing: Psalm 145:1,2,10 (1936); Skrifberyming 8-1:2